Man in die donker kleed

Wie is die man in die donker kleed ?
Het ek sy naam vergeet ?
Of het ek dit nooit gehoor ?
Het hy self sy identiteit verloor ?

Of het hy dit weg gegee ?
Homself so donker besmee ?
Die punte van Sy kleed is tog wit
Hoekom die donker rooi, wat beteken dit ?

Die kleed lyk swaar
Asof die wereld se vuilgoed daaraan afgesmeer is
Hy loop swaar
Asof dit Hy is wat die wereld se draer is

Hy gooi die kleed af en staan daar
Goud van gelaat, goud sowaar
En Sy oë skyn blou
En skielik voel ek toegevou

Die sonde afgegooi wat Hy moes dra
Staan Hy sterk en kyk na my.. en ja
Ek herken die glimlag, herken die sagte kyk
En die man verlore begin soos ‘n Koning lyk

Hy neem Sy plek in op Sy Troon
Die skuld betaal, Sy pyn beloon
En skielik ken ek Hom
Ja die Man in die Helder Kleed het weer gekom.

Jaco Kruger – 14/3/2009
info@pojc.org

Hy het nog nooit verander nie, dis net ons perstektief wat moet verander.